

Maandag 17 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 24:13-14

Fokusgedeelte: Spreuke 24:13-14

Ontdek hoe lekker dit is om die Here elke dag te dien

Omtrent alle mense geniet 'n lekker soet eetdingetjie. Daardie lekker koeksister, stukkie sjokolade of brood met konfyt wat jou laat met 'n heerlike gevoel van tevredenheid.

Net so lekker, sê die Spreukedigter, is dit om die Here elke dag te dien. Hy vergelyk die heerlike voordele van ware lewenswysheid met die soetste heuning en moedig ons aan om dit elke dag te “eet” sodat ons kan ontdek hoeveel vreugde daarin lê om die Here te dien. Dis so lekker soos die soetste heuning.

In die Ou-Testamentiese tyd kon heuning slegs met groot moeite bekom word. Die Israeliete moes daarna soek en dit met groot moeite uit die bynes uithaal om die lekker te kan geniet. Net so moet ons in die Woord van God soek na die lewenswysheid wat daar in Christus vir ons gegee word. In die Woord ontdek ons dat Christus ons lewensvreugde is omdat Hy ons gered het en ons deel gemaak het van sy Koninkryk waar ons nou met vreugde en vrede kan lewe!

Hy skenk aan ons die Heilige Gees (1 Kor. 1 en 2) wat vir ons die geheime van die Skrif oopmaak sodat ons die heerlikhede daarvan kan geniet en dit ook elke dag kan uitleef. Psalm 19:11 stel dit so: “Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.”

Mense soek die lekker van die lewe in verkeerde dinge! Hulle dink rykdom, status, geleerdheid en voorspoed sal die lewe lekker maak, net om uit te vind dat niks hiervan waar is nie. Om Christus te ken en Hom te dien, dit maak die lewe lekker en bring ewige vreugde. Daarom staan daar in vers 14 “dan het jy hoop en 'n toekoms” wat nooit van jou weggeneem kan word nie!

Sing: Psalm 119-1:6, 38

Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)